**12 April**
**Skrifgedeelte: Romeine 8:2-4; HK, Sondag 6**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:1**

**God se verlossingsplan in Christus Jesus**

Ons is besig om te kyk na die apostel Paulus se redes vir sy stelling in Romeine 8:1 dat mense wat deur 'n ware geloof by Christus Jesus ingelyf is, nooit weer onder God se oordeel kan kom nie.

Die eerste bewys wat die apostel aanvoer, is dat God Sy Seun mens laat word het. Dit is die mens wat sonde doen en daarom moet die mens vir sy sonde gestraf word. Geen gewone mens kan egter die oordeel van God oor die sonde dra nie, want God se oordeel sal die mens verteer. God se oordeel oor die sondaarmens, sê Hebreërs 10:27, is soos 'n verterende vuur. God is heilig en volkome regverdig. Hy kan die sondaar en ook die sonde wat die sondaar doen, nie oorsien nie.

God is egter ook liefde. In sy liefde vir die mens het Hy besef dat sy ewige oordeel die mens sal vernietig en daarom het Hy 'n plan gemaak. Ons noem dit God se verlossingsplan en dit behels dat hy Sy Seun mens moes laat word sodat Hy Sy Seun vir die sonde van die mens kon straf. God se Seun, Jesus Christus, is as Seun van God in staat om God se oordeel oor die sonde van die mens te dra. God se oordeel oor sy Seun kon sy Seun nie vernietig nie.

Wat is die gevolg van hierdie verlossingsplan van God? Hoe wonderlik is dit nie - almal wat deur 'n ware geloof by die Seun van God ingelyf is, staan nooit weer onder God se oordeel nie!

*Ds JL Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)*